Verhurings voorwaardes en kontrak:

Ek, as huurder, onderneem en verstaan dat:

1. Linne mag nie gewas terugbesorg word nie.

2. Linne moet droog en sonder enige muf of ander skade terugbesorg word.

3. Vir enige kerswas op linne sal ‘n addisionele bedrag deur die huurder betaalbaar wees. Die huurder mag nie enige poging aanwend om die kerswas uit te haal nie.

4. Geen goedere mag vervang of verruil word vir ander goedere nie.

5. Alle glasware en eetgerei moet skoon terugbesorg word. Nie ge-“wrap” nie.

6. Vir enige vuil goedere (behalwe linne) sal 'n minimum van R1 per item deur die huurder betaalbaar wees.

7. Vir enige beskadigde goedere sal die vervangingskoste deur die huurder betaalbaar wees.

8. Vandat die huurder geteken het vir die goedere is dit sy/haar verantwoordelikheid totdat dit weer terugbesorg en nagegaan is.

9. Kranenburg Verhurings neem geen verantwoordelikheid vir enige gebeurlikhede, rakende die verhuring, vanaf die stadium dat die huurder vir die goedere geteken het, totdat dit weer terugbesorg is nie.

10. Goedere moet terugbesorg word op die ooreengekome datum, andersins sal addisionele huurkoste per dag deur die huurder betaalbaar wees.

11. Indien items vir langer as 2 weke gehou word sonder dat aanvaarde reëlings getref is, is die vervangingskoste van die items onmiddelik betaalbaar.

12. Enige koste wat aangegaan word om goedere of skuld wat uitstaande is, in te vorder, sal van die kliënt verhaal word.

13. Ons besigheidsure is as volg: *Ma + Vr: 8:00 – 16:30, Di - Do + Sat: per afspraak,* ***Gesluit op Sondae***

Kliënt:..... Verhuurder:.....

Datum:.....